# EKONOMIE EN GESKIEDENIS

**J A du Pisanie**
en
**P J Haasbroek**
*Departement Ekonomie, Universiteit van Pretoria*

In hierdie artikel word daar vanuit die gesigshoek van ekonomie na geskiedenis gekyk. Die doel is enersyds om met verwysing na die metode van ekonomie as wetenskap moontlike gebruike van geskiedenis te bepaal. Hierbenewens word gepoog om aan te toon in watter mate Suid-Afrikaanse ekonome in die uitvoering van hul pligte wel gebruik maak van die werke van algemene historici — dit wil sê, uitgesonderd die werke van ekonome wat in ekonomiese geskiedenis spesialiseer.

In die artikel "Geskiedenis en ekonomie" deur Van Zyl is die verskille tussen geskiedenis en ekonomie ten aansien van objek en metode breedvoerig behandel.[1] Verder is die ontwikkeling van ekonomiese geskiedenis (as oorgangsgebied tussen geskiedenis en ekonomie) in oënskou geneem met verwysing na die veranderings in objek en metode wat sedert die ontstaan daarvan teen die einde van die negentiende eeu plaasgevind het.

In hierdie artikel word gepoog om onnodige herhaling van Van Zyl se vergelyking van objek en metode te vermy. 'n Groot deel van die artikel word dus aan die gebruik van geskiedkundige werke deur Suid-Afrikaanse ekonome gewy. Ten einde dit te kon doen, is 'n vraelys aan persone wat lede van die Ekonomiese Vereniging van Suid-Afrika is en/of by ekonomiese instellings werksaam is, gestuur.[2]

## Die aard van die wetenskap ekonomie

Ekonomie kan beskryf word as die studie van hoe die mens in sy samelewing met ander die probleem van relatiewe skaarsheid probeer oorkom. Hierdie probleem verwys na die verhouding tussen die beskikbaarheid van skaars middele met alternatiewe aanwendingsmoontlikhede en 'n veelheid van doeleindes wat daarmee verwesenlik moet word. Die middelekant is 'n reële aangeleentheid; al word dit in terme van inkome of koopkrag uitgedruk, verwys dit altyd na die aanbod van goedere en dienste. Hierteenoor identifiseer die mens rasioneel verskillende doeleindes as aanwendingsmoontlikhede vir die middele, doeleindes wat in die wydste sin van die woord verband hou met die bevrediging van behoeftes. Hieruit blyk dat die onderwerp wat ekonomie bestudeer, basies die konfrontasie tussen die mens en die natuur is; die mens skep die doeleindes en die natuur bied die middele (waaronder die persoonlike vermoë van die mens tel). Uit hierdie basis ontstaan die dubbele aard van ekonomie. Dit is menswetenskap wat met menslike dryfvere werk, maar die kant van stoflike middele skep die moontlikheid om van kwantitatiewe metodes gebruik te maak, metodes wat in die natuurwetenskappe gevolg word.

In ekonomie word die gedrag van verskeie soorte besluitnemende eenhede of

---

1. D J van Zyl, "Geskiedenis en ekonomie", in *Historia*, jaargang 27 September 1982, nr 2, pp 3–20.
2. Die Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise van die Universiteit van Pretoria word bedank vir finansiële ondersteuning in hierdie verband.

ekonomiese subjekte, naamlik individue, huishoudings, sake-ondernemings, owerheidsinstellings en buitelandse instellings, ontleed. Dit skep 'n geweldig wye veld vir ekonomiese analise. Weinig individue het egter die vermoë om die hele veld te bemeester. Individuele ekonome spesialiseer dus deur te fokus op enkele terreine van ekonomie en/of op die gedrag van slegs sekere van die besluitnemende eenhede en hulle verhouding tot ander ekonomiese subjekte. Een van die oudste indelings van ekonomie is in makro- en mikro-ekonomie. Makro-ekonome poog om 'n verklaring te bied vir die werking van die ekonomiese stelsel as geheel. Hulle fokus is dus op die samehang tussen die besluite van die onderskeie subjekgroepe en die vloei van goedere, dienste en geld van een subjekgroep na 'n ander. Dit spreek vanself dat hulle erg vereenvoudigde besluitnemingsmodelle gebruik. Mikro-ekonome konsentreer op die gedrag van kopers en verkopers in bepaalde markte. 'n Mark word in abstrakte sin gedefinieer en bestaan uit die versameling van kontakte tussen kopers en verkopers van 'n bepaalde soort produk.[3] Sekere vertakkinge van mikro-ekonomie bestudeer bepaalde groepe markte waarin sekere subjekgroepe as kopers en verkopers optree. Die individuele gedrag van so 'n groep subjekte of sektor van die ekonomiese stelsel word dan in groter besonderhede verklaar as in algemene mikro-ekonomie. Landbou-ekonomie is 'n voorbeeld van so 'n vertakking wat allerweë as 'n subdissipline of selfs 'n vak in eie reg erken word. Monetêre ekonomie (ook bekend as geld- en bankwese) konsentreer op die vloei van geld deur die ekonomiese stelsel en die gedrag van deelnemers aan die geld- en kapitaalmarkte. Arbeidsekonome bestudeer die werking van die arbeidsmark en uiteraard die gedrag van kopers en verkopers van arbeid. Stads- en streeksekonome hou hulle veral besig met die vraag *waar* produksie en verbruik sal plaasvind. Die ekonomiese betrekkinge tussen verskillende lande word in internasionale ekonomie bestudeer.

Die studie van ekonomie word ook meermale verdeel in drie opeenvolgende maar samehangende elemente, te wete ekonomiese beskrywing, ekonomiese teorie en ekonomiese politiek. Ekonomiese beskrywing behels identifikasie, klassifikasie en meting van ekonomiese subjekte, objekte en prosesse.[4]

Ekonomiese teorie is die versameling pogings om die gedrag van ekonomiese subjekte en die uitwerking daarvan te ontleed en te verklaar, veral met die oog op voorspelling van toekomstige gebeure. Dit is dus gerig op veralgemening. Die doel is enersyds om tipiese patrone van menslike gedrag ten aansien van die oplossing van die ekonomiese probleem van skaarsheid bloot te lê. Die daaruit voortvloeiende statiese teorie is as't ware "*tydloos*" en probeer die tipiese besluitnemingsprosesse van ekonomiese subjekte blootlê sonder spesifieke verwysing na die besondere tydsgewrig waarin dit plaasvind. Heelwat ekonomiese teorie abstraheer ook die *plek* waar ekonomiese gedrag voltrek word, terwyl vestigingsteorie ('n onderdeel van stads- en streeksekonomie) die geografiese posisie van ekonomiese bedrywighede beklemtoon, en tog abstraheer van bepaalde plekke op aarde. Komparatief statiese en dinamiese teorie neem weer die invloed van die tydsverloop spesifiek in ag, maar abstraheer van bepaalde datums in die geskiedenis. Die doel daarvan is enersyds om herhalende verskynsels soos die konjunktuur te verklaar, en andersyds om strukturele veranderinge, dit wil sê langtermynveranderinge in dieselfde rigting, te bestudeer.

E M Mansfield, *Microeconomics: Theory and applications* (New York and London: W W Norton and Company, fourth edition, 1982), p 21.

J A Lombard en J J Stadler, *Die Ekonomiese Stelsel van Suid-Afrika* (HAUM, Pretoria en Kaapstad, sesde uitgawe, 1981), p 8.

Hierdie benadering kontrasteer skerp met die aard van geskiedenis as 'n vak of dissipline wat oor die mens en die samelewing van die verlede handel.[5] Van Jaarsveld beklemtoon dat geskiedenis-as-werklikheid besonder, eenmalig en onherhaalbaar is. Geskiedenis-as-wetenskap is daarop gerig om die besondere, eenmalige, onherhaalbare gebeurtenisse van die verlede te rekonstrueer uit beskikbare bronne.[6] Dit beteken egter nie dat geskiedkundige geskrifte vir die ekonomiese teorie waardeloos is nie. Hulle kan die gevallestudies verskaf waaruit geabstraheer kan word deur middel van induksie. Daar word ook dikwels in ekonomiese teorie van deduksie gebruik gemaak, en die denkmodelle wat so ontstaan, moet na die oordeel van baie ekonome, veral diegene onder die invloed van die "wetenskaplike metode", aan die werklikheid getoets word. Ook in hierdie verband kan geskiedkundige geskrifte as bron van kennis oor die werklikheid gebruik word. Vir beide doeleindes moet sodanige geskrifte aan bepaalde vereistes waarop later teruggekom word, voldoen.

Ekonome wat in ekonomiese politiek spesialiseer, hou hulle veral besig met die gedrag van owerheidsinstellings en die vraag hoe dit die res van die ekonomiese stelsel beïnvloed, veral met die oog op die vraag wat 'n owerheidsinstelling moet doen om sy doelstellings in die ekonomiese lewe te bereik. Staatsfinansies is so 'n belangrike aspek daarvan dat dit as 'n subdissipline in eie reg erken word.

Uit bostaande blyk dat sowel induksie as deduksie in ekonomie gebruik word. Sommige subdissiplines maak veral van induksie gebruik; ander hoofsaaklik van deduksie. Verder hanteer sommige subdissiplines feitlik uitsluitlik kwantitatiewe gegewens, maak gebruik van wiskundige modelle om verbande tussen veranderlikes aan te toon en/of van statistiese metodes om deduktiewe modelle aan die werklikheid te toets of verbande tussen veranderlikes induktief af te lei. Wiskundige ekonomie waarin mikro- sowel as makro-ekonomiese teorie die vorm van wiskundige modelle wat hoofsaaklik deduktief opgebou word, aanneem, hoort hieronder tuis. So ook ekonometrie. Dit is 'n relatief nuwe subdissipline en stel hom hoofsaaklik te doen om 'n model van die hele ekonomiese stelsel of 'n deel daarvan te bou, in die vorm van 'n groot aantal wiskundige vergelykings. Die veranderlikes in die model moet vanselfsprekend kwantitatief van aard wees. Wanneer veranderlikes geïdentifiseer is, word die waardes wat hulle in die praktyk aanneem, gevind en in die model ingevoer. Die funksionele verbande tussen die veranderlikes word dan deur middel van statistiese metodes bepaal. Ekonometrici kan in beginsel twee benaderingswyses volg om die waardes wat veranderlikes in die praktyk aanneem, te bekom. Eerstens kan die opeenvolgende waardes wat die veranderlikes in die verlede aangeneem het, gebruik word. Dit vereis dat die waardes wat verskeie verskillende veranderlikes op bepaalde tydstippe of in bepaalde periodes aangeneem het, beskikbaar moet wees en wel vir 'n taamlike groot aantal tydstippe of periodes. Hoe meer gegewens beskikbaar is, hoe betroubaarder sal die statistiese passings wees.

Een probleem waarvoor ekonometrici in hierdie verband te staan kom, is dat veranderlikes wat tans as belangrik beskou word, moontlik nie in die verlede van belang geag is nie, en dat die waardes daarvan dus nie destyds bereken of opgeteken is nie.[7] Dit is moontlik dat die werke van algemene historici inligting bevat wat dit moontlik maak om ramings van die benodigde gegewens te maak. Dit is egter baie waarskynlik dat die inligting tussen 'n magdom ander gegewens verstrengel sal wees,

5. F A van Jaarsveld, *'n Inleiding tot die studie van Geskiedenis* (Nasou, Elsiesrivier), p 18.
*Ibid.*, p 19.
Vergelyk F A van Jaarsveld, *loc. cit.*

en dat dit vir die ekonometrikus besonder tydrowend sal wees om sodanige werke te lees op soek na die gegewens wat hy benodig. 'n Vereiste waaraan algemeen historiese geskrifte moet voldoen, ten einde vir ekonometrici bruikbaar te wees, is dus dat dit volledige reekse syferkundige gegewens moet bevat, verkieslik in tabelvorm. Moontlik is die vernaamste bydrae wat historici in hierdie verband kan lewer om aan te dui in welke oorspronklike bronne die nodige gegewens opgeteken is en waar die bronne gevind kan word.

Die tweede benaderingswyse wat gevolg kan word om verskillende waardes vir veranderlikes te bekom, is die sogenaamde deursnee-analise. Indien 'n ekonometrikus byvoorbeeld die verband tussen die bevolking van 'n stad en die koste van waterverskaffing in die stad wil bepaal, kan hy gegewens met betrekking tot die huidige bevolking en besteding aan water in 'n groot aantal dorpe en stede verkry deur middel van vraelyste en dan die nodige statistiese bewerking daarmee uitvoer. Indien 'n bepaalde ekonometrikus normaalweg hierdie tweede benadering verkies, spreek dit vanself dat hy selde die werk van algemene of selfs ekonomiese historici sal gebruik.

Ekonomiese rekeningkunde het ten doel om kwantitatiewe gegewens, veral van makro-ekonomiese aard, te versamel en in stelsels van nasionale rekeninge te orden. Ekonomiese statistiek handel oor statistiese metodes wat op ekonomiese verskynsels van toepassing gemaak is. Hierdie twee subdissiplines hang dus nou saam met ekonometrie en wiskundige ekonomie. Daar bestaan dus rede om te vermoed dat beoefenaars daarvan beperkte nut uit algemeen historiese geskrifte sal put.

Ander subdissiplines van ekonomie maak veral van induksie en nie-kwantitatiewe gegewens gebruik, veral ekonomiese geskiedenis, geskiedenis van ekonomiese denke, vergelykende ekonomiese stelsels en ontwikkelingsekonomie. In vergelykende ekonomiese stelsels word teoretiese modelle van ekonomiese stelsels soos kapitalisme, sosialisme en kommunisme, asook werklike ekonomiese stelsels van bepaalde lande in die hede en verlede bestudeer met die doel om die essensiële verskille en ooreenkomste tussen hulle bloot te lê en hul relatiewe prestasie te bepaal. Hierdie ontledings word veral in terme van kwalitatiewe, moeilik kwantifiseerbare waardes soos persoonlike vryheid en menslike regte gedoen. 'n Mens kan dus redelikerwys verwag dat beoefenaars van hierdie subdissipline 'n intense belangstelling in geskiedenis sal openbaar.

Verskeie subdissiplines van ekonomie handel oor die tydsdimensie van ekonomiese prosesse. Die vernaamste uit die oogpunt van hierdie artikel is seker *ekonomiese geskiedenis*. Veranderinge in die waardes van bepaalde veranderlikes in die ekonomiese stelsel, met die klem op funksionele verbande tussen die veranderlikes, word in *ekonomiese dinamika* bestudeer, met behulp van wiskundige en statistiese metodes. *Ontwikkelingsekonomie* is die studie van minder ontwikkelde lande en streke met klem op die redes waarom hul inwoners se lewenskwaliteit laag is en laag bly of waarom dit styg. Dit spreek vanself dat gebeure in die verlede die beoefenaars van hierdie subdissiplines grootliks sal interesseer, en 'n mens kan vermoed dat die werke van algemene historici vir hulle van groter nut sal wees as vir ander ekonome.

Volgens Van Jaarsveld is die geskiedenis van gewone mense relatief jonk.[8] Uit die bostaande blyk dat ekonomie veral te doen het met die besluitneming van gewone mense — verbruikers, arbeiders, handelaars, fabrikante en staatsamptenare. Selfs waar dit gaan oor ekonomiese politiek — oor die handeling van konings, prinse en regeringsinstellings — kan die uitwerking daarvan nie nagegaan en verklaar word sonder inligting oor die besluitnemingsprosesse van gewone mense nie. Dit spreek dus

8. *Ibid.*, pp 31 – 32.

vanself dat geskiedenis wat die gewone mense ignoreer, van weinig waarde vir die ekonoom sal wees.

## 2. Die benutting van algemeen historiese geskrifte deur Suid-Afrikaanse ekonome

Ten einde te bepaal in watter mate Suid-Afrikaanse ekonome van die werk van algemene historici gebruik maak, is 'n vraelys aan ongeveer 400 persone wat lede van die Ekonomiese Vereniging van Suid-Afrika is en/of by ekonomiese instellings werksaam is, gestuur. Die doel hiermee was vanselfsprekend nie om vas te stel hoeveel ekonome dink geskiedenis *behoort* gebruik te word nie, maar net of hulle dit inderdaad gebruik. Sowat 200 van die vraelyste is terug ontvang. Heelwat respondente het aangedui dat hulle nie as ekonome werksaam is nie. Daar is besluit om persone met magister- of doktorsgrade in ekonomie, landbou-ekonomie of ekonomiese geskiedenis as ekonome te beskou al is hulle nie tans as ekonome werksaam nie. Persone met Ekonomie III of 'n honoresgraad in ekonomie is as ekonome beskou indien hulle as ekonome werksaam is. Ander respondente se antwoorde is buite rekening gelaat. Daar het 142 bruikbare vraelyste oorgebly. Dit kan nie as 'n verteenwoordigende steekproef van alle Suid-Afrikaanse ekonome beskou word nie, maar met die nodige omsigtigheid kan tog heelwat belangrike en geldige afleidings daaruit gemaak word.

Die sleutelvraag in die vraelys het soos volg gelui:

"Gebruik u geskrifte deur professionele, algemene historici in die beoefening van u beroep as ekonoom?

(a) Ja, dikwels
(b) Ja, maar selde
(c) Feitlik nooit nie
(d) Nee, nooit
(e) Ander (spesifiseer, asb.)

TABEL 1
EBRUIK VAN ALGEMEEN HISTORIESE GESKRIFTE VOLGENS HOOGSTE KWALIFIKASIE IN EKONOMIE

PERSENTASIE

| Hoogste kwalifikasie in ekonomie | Frekwensie van gebruik | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Dikwels | Selde | Feitlik nooit | Nooit | Totaal |
| Ekonomie III | 0,0 | 41,2 | 17,6 | 41,2 | 100,0 |
| B Hons | 9,5 | 28,6 | 38,1 | 23,8 | 100,0 |
| M-graad | 10,9 | 36,9 | 26,1 | 26,1 | 100,0 |
| D-graad | 17,2 | 39,7 | 31,0 | 12,1 | 100,0 |
| Totaal | 12,0 | 37,3 | 28,9 | 21,8 | 100,0 |

Tabel 1 toon die antwoorde op hierdie vraag volgens die respondente se hoogste kwalifikasie in ekonomie. Dit is duidelik uit die syfers in die tabel dat mense met hoër

kwalifikasies in ekonomie algemeen historiese geskrifte meer dikwels gebruik as ander. Terwyl 17,2 persent van die persone met doktorsgrade "dikwels" van geskiedkundige geskrifte gebruik maak, het nie 'n enkele persoon met Ekonomie III geantwoord dat hy/sy dit "dikwels" doen nie. Hierdie persentasie neem telkens toe namate die antwoorde van persone met hoër kwalifikasies in ekonomie in oënskou geneem word. Verder het 41,2 persent van die persone met Ekonomie III aangetoon dat hulle "nooit" geskiedkundige geskrifte gebruik nie, terwyl slegs 12,1 persent van die gedoktoreerdes dié antwoord gegee het.

Tabel 2 toon dat dit veral universiteitspersoneel is wat geskiedkundige geskrifte gebruik, terwyl ekonome by bankinstellings die minste daarvan gebruik maak. Slegs 7,1 persent van eersgenoemde het aangedui dat hulle "nooit" die geskrifte gebruik nie, teenoor bykans die helfte van diegene by bankinstellings.

TABEL 2
GEBRUIK VAN ALGEMEEN HISTORIESE GESKRIFTE VOLGENS WERKPLEK

PERSENTASIE

| Werkplek | Frekwensie van gebruik | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| | Dikwels | Selde | Feitlik nooit | Nooit | |
| Universiteit | 17,2 | 38,6 | 37,1 | 7,1 | 100,0 |
| Ander nie-bankinstelling | 14,3 | 40,9 | 32,4 | 12,4 | 100,0 |
| Bankinstelling | 5,4 | 27,0 | 18,9 | 48,7 | 100,0 |

Die respondente is ook versoek om aan te dui wat hul spesialisasievelde binne ekonomie is. Heelwat persone het meer as een subdissipline as hul spesialisasievelde aangedui. Spesialisasievelde wat deur minder as vyf persone aangedui is, is onder ander subdissiplines ingedeel of buite rekening gelaat in die ontleding van die betrokke antwoord. Tabel 3 dui aan dat persone met 'n groter aantal spesialisasievelde ook meer dikwels van algemeen historiese geskrifte gebruik gemaak het. Dit lyk dus asof 'n wye belangstelling binne die ekonomie gepaard gaan met 'n wyer belangstelling in die algemeen, ook in buurwetenskappe soos geskiedenis.

TABEL 3
GEBRUIK VAN ALGEMEEN HISTORIESE GESKRIFTE VOLGENS AANTAL SPESIALISASIE-VELDE

PERSENTASIE

| Aantal spesialisasievelde | Frekwensie van gebruik | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| | Dikwels | Nie dikwels nie | Nooit | |
| 1 | 4,0 | 66,0 | 30,0 | 100,0 |
| 2 | 6,8 | 75,0 | 18,2 | 100,0 |
| 3 of meer | 26,1 | 58,7 | 15,2 | 100,0 |

Tabel 4 dui aan in watter subdissiplines die intensiefste gebruikers van historiese geskrifte gespesialiseer het. Sommige ekonome het meer as een spesialisasieveld aange-

dui. Die totale aantal persone wat 'n bepaalde subdissipline as spesialisasieveld aangedui het, is gebruik om die persentasies in die tabel te bereken, ongeag die vraag of sommige van die persone ook in ander rigtings gespesialiseer het. Die subdissiplines is in die tabel gerangskik volgens die persentasie beoefenaars daarvan wat aangedui het dat hulle "dikwels" algemeen historiese geskrifte in hul werk gebruik.

Geskiedenis van ekonomiese denke neem die eerste plek in tabel 4 in. Driekwart van die respondente wat op dié gebied werksaam is, gebruik dikwels die werke van algemene historici, terwyl die res dit ook gebruik, maar "selde".

Die tweede plek word ingeneem deur ekonomiese geskiedenis. Twaalf van die respondente het die vak beoefen. Verbasend genoeg het net vyf van hulle aangedui dat hulle algemeen historiese werke dikwels gebruik. Ses het geantwoord dat hulle dit selde gebruik en een dat hy/sy dit feitlik nooit gebruik nie. Sewe van die twaalf, of 58,3 persent, gebruik dit dus wel, maar nie dikwels nie.

TABEL 4
GEBRUIK VAN ALGEMEEN HISTORIESE GESKRIFTE VOLGENS SPESIALISASIEVELD
PERSENTASIE

| Spesialisasieveld | Frekwensie van gebruik | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| | Dikwels | Nie dikwels nie | Nooit | |
| Geskiedenis van ekonomiese denke | 75,0 | 25,0 | 0,0 | 100,0 |
| Ekonomiese geskiedenis | 41,7 | 58,3 | 0,0 | 100,0 |
| Arbeidsekonomie | 37,5 | 62,5 | 0,0 | 100,0 |
| Vergelykende ekonomiese stelsels | 28,6 | 71,4 | 0,0 | 100,0 |
| Stads- en streeksekonomie | 25,0 | 66,7 | 8,3 | 100,0 |
| Ontwikkelingsekonomie | 23,3 | 70,0 | 6,7 | 100,0 |
| Wiskundige ekonomie | 22,2 | 44,5 | 33,3 | 100,0 |
| Ekonometrie | 20,0 | 33,3 | 46,7 | 100,0 |
| Ekonomiese politiek | 15,4 | 76,9 | 7,7 | 100,0 |
| Mikro-ekonomie | 15,0 | 67,5 | 17,5 | 100,0 |
| Staatsfinansies | 12,5 | 79,2 | 8,3 | 100,0 |
| Internasionale ekonomie | 12,5 | 65,6 | 21,9 | 100,0 |
| Makro-ekonomie | 12,1 | 69,7 | 18,2 | 100,0 |
| Ekonomiese statistiek | 10,0 | 60,0 | 30,0 | 100,0 |
| Monetêre ekonomie | 2,9 | 64,7 | 32,4 | 100,0 |
| Ekonomiese dinamika | 0,0 | 100,0 | 0,0 | 100,0 |
| Landbou-ekonomie | 0,0 | 100,0 | 0,0 | 100,0 |
| Ekonomiese rekeningkunde | 0,0 | 50,0 | 50,0 | 100,0 |

Arbeidsekonomie is derde op die lys en word gevolg deur vergelykende ekonomiese stelsels. Soos vroeër gestel, kan redelikerwys verwag word dat beoefenaars van laasgenoemde subdissipline 'n intense belangstelling in geskiedenis sal openbaar. Geeneen van die sewe respondente wat dit beoefen, het dan ook aangedui dat hulle nooit van algemeen historiese geskrifte gebruik maak nie. Een van hulle het egter aangedui dat hy dit feitlik nooit gebruik nie, terwyl vier dit selde gebruik. Slegs twee, of 28,6 persent van die totaal, gebruik dit dikwels.

Al die respondente wat ekonomiese dinamika en landbou-ekonomie beoefen, gebruik algemeen historiese geskrifte, maar geeneen gebruik dit dikwels nie. Gevolglik neem hierdie twee subdissiplines die derde- en tweedelaaste plekke in tabel 4 in.

Die ander subdissiplines in die tabel het almal een of meer beoefenaars wat nooit

algemene historici se werke benut nie. Heel onderaan die lys is ekonomiese rekeningkunde. Die helfte van die respondente in hierdie veld gebruik nooit die genoemde werke nie, terwyl die res dit òf "selde" òf "feitlik nooit" gebruik nie.

Stads- en streeksekonome en ontwikkelingsekonome gebruik algemeen historiese geskrifte relatief dikwels, terwyl dertig persent of meer van die respondente wat wiskundige ekonomie, ekonometrie, ekonomiese statistiek, ekonomiese rekeningkunde en monetêre ekonomie beoefen, "nooit" daarvan gebruik maak nie. Uit wat vroeër gesê is, volg dit redelik logies dat heelwat ekonome in die vier kwantitatiewe rigtings nie veel baat by die nie-kwantitatiewe, verhalende werke van historici sal vind nie. Die lae intensiteit van benutting daarvan deur monetêre ekonome hang saam met die lae frekwensie van gebruik deur respondente wat by bankinstellings werksaam is.

## 3. Die vernaamste doelstellings van die gebruik van algemeen historiese geskrifte deur Suid-Afrikaanse ekonome

Soos uit tabel 5 blyk, is verreweg die vernaamste doelstelling van respondente wat wel van algemeen historiese geskrifte gebruik maak, om agtergrondkennis vir die verkryging van insig in ekonomiese vraagstukke of handelinge te bekom. Sommige respondente het meer as een doelstelling aangedui. Die syfers in die tabel dui dus die persentasie kere wat 'n doelstelling genoem is, aan, uitgedruk in terme van die totale aantal aanduidings van al die doelstellings gesamentlik.

Die tweede belangrikste doel van die respondente se gebruik van algemeen historiese geskrifte is om hipoteses oor die aard, oorsake en/of gevolge van ekonomiese handelinge te toets. Dit beteken dat modelle wat deur middel van deduksie gebou is, aan die werklikheid getoets word deur verbandhoudende gevalle in die geskiedkundige literatuur te soek en te ontleed.

TABEL 5
GEBRUIK VAN ALGEMEEN HISTORIESE GESKRIFTE VOLGENS DOEL VAN GEBRUIK

PERSENTASIE

| Doel van gebruik | Frekwensie van gebruik | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| | Dikwels | Selde | Feitlik Nooit | |
| Om agtergrondkennis vir die verkryging van insig in ekonomiese vraagstukke of handelinge te bekom | 59,3 | 66,2 | 86,1 | 70,8 |
| Om hipoteses oor die aard, oorsake en/of gevolge van ekonomiese handelinge te toets | 18,5 | 23,4 | 11,6 | 18,8 |
| Om hipoteses vir ekonomiese teorieë of modelle te vind | 14,8 | 7,8 | 2,3 | 7,6 |
| Ander | 7,4 | 2,6 | 0,0 | 2,8 |
| Totaal | 100,0 | 100,0 | 100,0 | 100,0 |

Die derde belangrikste doel is induktief van aard: Om hipoteses vir ekonomiese teorieë of modelle te vind.

Ander doelstellings was om insig in die dryfvere van politieke optrede te verkry;

om die hede te verstaan deur kennis van die verlede; en om ekonomiese gebeure binn die konteks van ander gebeure te plaas.

### 4. Die vernaamste redes waarom sommige Suid-Afrikaanse ekonome nooit van algemeen historiese geskrifte gebruik maak nie

Respondente wat nooit die geskrifte van algemene historici vir werksdoeleindes gebruik nie, is gevra om aan te dui waarom hulle dit nie doen nie. Altesaam 28 van die respondente het die vraag beantwoord. Nege het nog nooit daaraan gedink om die werke te gebruik nie. Sewe het aangedui dat die aard van hul werk nie die gebruik van sodanige geskrifte vereis nie. Vier het aangedui dat sodanige geskrifte te veel irrelevante gegewens tussen die bruikbare gegewens bevat en dat die gebruik daarvan dus te tydrowend is. Drie het gesê die bruikbare gegewens in die geskrifte is te fragmentaries om ekonomies te ontleed. Ander redes wat aangevoer is, was dat die geskrifte heeltemal onbruikbaar is; dat die nodige inligting makliker uit ander bronne bekombaar is; dat publikasies deur ekonome voldoende inligting bevat; en dat die inligting wat in historiese bronne vervat is, te "oud" is vir gebruik, veral waar die geldmark betrokke is. Ten slotte het 'n respondent aangevoer dat sy taak lê in wat die toekoms bring eerder as in wat die verlede aandui.

### Slot

Dit sou maklik wees om te volstaan met voorgaande gegewens oor die gebruik van geskiedenis deur ekonome. Die implikasie is duidelik: Daar is ekonome wat geskiedenis nodig vind, en dit gebruik, en daar is ander wat dit glad nie benodig in die uitvoering van hulle pligte nie. Nou mag die vraag ontstaan of ekonome van geskiedenis *behoort* gebruik te maak, en indien wel, op watter manier hulle daarvan gebruik behoort te maak. Ekonome kan naamlik ook geskiedenis op 'n verkeerde manier gebruik, dit wil sê deur bepaalde feite uit die geskiedenis te lig ter stawing van hulle argumente, terwyl ander feite geïgnoreer word.

Onder ekonome is daar 'n vraag wat hulle nou presies 'n eeu lank in twee strydende kampe injaag. Daar kan beswaarlik 'n beter voorbeeld van die probleem rondom die ekonoom se gebruik van geskiedenis gevind word as hierdie dispuut. Dit het met die historikus Toynbee se *Lectures on the Industrial Revolution in England* in 1884 begin, en die vraag was of hierdie tegnologiese transformasie van die ekonomiese samelewing die Britse werkersklas se lot verbeter het, of nie. Liberale ekonome lê klem op die styging in die reële lone van die werkers, terwyl die sosialiste met net soveel oortuiging na al die maatskaplike euwels wat met die Revolusie saamgehang het, verwys.

Die statistiek wat benodig word om dié vraagstuk ekonomies-wetenskaplik op te klaar, ontbreek grotendeels, maar selfs indien hierdie statistiek beskikbaar was, sou 'n akkurate beeld van die gevolge van die Industriële Revolusie nie daaruit afgelei kan word nie. Ellende, byvoorbeeld, is nie statisties meetbaar nie. Dit kan baie beter aangedui word in terme van die wette wat deur die Britse Parlement aangeneem is om die werkers se omstandighede te verbeter. Dit is die taak van die historikus om die ekonoom daarop te wys.